

Handelinge 11

Handelinge 11:1-30

1 En die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het. 2 En toe Petrus opgaan na Jerusalem, het die wat uit die besnydenis was, met hom getwis 3 en gesê: By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet.

4 En Petrus het begin en vir hulle die loop van die saak uiteengesit en gesê: 5 Ek was in die stad Joppe in die gebed, en in 'n verrukking van sinne het ek 'n gesig gesien: 'n voorwerp het uit die hemel neergedaal soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke uit die hemel neergelaat word, en dit het tot by my gekom. 6 En toe ek die oë daarop hou en dit waarneem, sien ek die viervoetige diere van die aarde en die wilde en die kruipende diere en die voëls van die hemel. 7 En ek hoor 'n stem vir my sê: Staan op, Petrus, slag en eet! 8 Maar ek antwoord: Nooit nie, Here, want niks onheiligs of onreins het ooit in my mond ingegaan nie. 9 En die stem het die tweede keer my uit die hemel geantwoord: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. 10 En dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel.

11 En dadelik staan daar drie manne voor die huis waar ek in was, wat van Cesaréa na my gestuur was. 12 En die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. En saam met my het ook hierdie ses broeders gegaan, en ons het in die huis van die man ingegaan. 13 En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: Stuur manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word; 14 hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word.

15 En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. 16 En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word. 17 As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder?

18 En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.

19 Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen. 20 En daar was sommige van

hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochië gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. 21 En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.

22 En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochië. 23 Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; 24 want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring. 25 Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. 26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.

27 En in dié dae het daar profete van Jerusalem na Antiochië afgekom. 28 En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius. 29 En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon. 30 En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.

1. Handeling 11:1-18 – Petrus verantwoord hom oor die verkondiging aan heidene

1 En die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het. 2 En toe Petrus opgaan na Jerusalem, het die wat uit die besnydenis was, met hom getwis 3 en gesê: By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet.

4 En Petrus het begin en vir hulle die loop van die saak uiteengesit en gesê: 5 Ek was in die stad Joppe in die gebed, en in 'n verrukking van sinne het ek 'n gesig gesien: 'n voorwerp het uit die hemel neergedaal soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke uit die hemel neergelaat word, en dit het tot by my gekom.

6 En toe ek die oë daarop hou en dit waarneem, sien ek die viervoetige diere van die aarde en die wilde en die kruipende diere en die voëls van die hemel. 7 En ek hoor 'n stem vir my sê: Staan op, Petrus, slag en eet! 8 Maar ek

antwoord: Nooit nie, Here, want niks onheiligs of onreins het ooit in my mond ingegaan nie. 9 En die stem het die tweede keer my uit die hemel geantwoord: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. 10 En dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel.

11 En dadelik staan daar drie manne voor die huis waar ek in was, wat van Cesaréa na my gestuur was. 12 En die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. En saam met my het ook hierdie ses broeders gegaan, en ons het in die huis van die man ingegaan. 13 En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: Stuur manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word; 14 hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word.

15 En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. 16 En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word. 17 As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? 18 En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.

1.1 Vrae by Handeling 11:1-18

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wie was beswaard oor Petrus se optrede in Cesarea? (vers 1-2)2. Waaroor was hulle beswaard gewees? (vers 3) |
|---|

Die nuus oor wat in Cornelius se huis gebeur het, het nie vir baie lank beperk gebly nie. Daar was ook nie 'n poging – uit wat ons kan agterkom – om die gebeure in Cornelius se huis te verberg nie. Net soos in die geval met die Samaritane wat die Woord van God aangeneem het, het dit ook nou hier met mense uit die heidendom gebeur – die apostels en ander gelowiges in Jerusalem het gehoor dat ook heidene die Woord van God aangeneem het.

'n Mens sou verwag dat daar onder die gelowiges in Jerusalem teen hierdie tyd al begrip en dankbare vreugde sal wees wanneer hulle hoor hoe die evangelie onder die verskillende volke versprei. Maar soos in die geval met die Samaritane is daar 'n

aanvanklike agterdog en onsekerheid oor wat aan die gebeur is en wat daarvan gedink moet word. Die wat uit die besnydenis was – dit is **Joodse Christene** en nie ongelowige Jode nie – was egter beswaard oor Petrus se optrede.

Omdat hulle as Jode afgesonder was in die wêreld en 'n geskiedenis het as volk van die Here, het dit vir hulle gelyk en gevoel of die saak van Joods wees en die Joodse geloofsgebruike tog 'n rol speel in die aanloop tot Christen wees. Besnydenis is tog 'n instelling van God met baie duidelike gevolge as jy nie daaraan voldoen nie (vgl. Gen 17). Wie ook al besny is en dus tot die Joodse geloof behoort, is dan afgesonder in die wêreld. Met onbesnede mense moet jy so min as moontlik te doen hê. En van eet saam met onbesnede mense is geheel en al buite die kwessie. Jy sal jouself ritueel onrein maak deur so iets te doen. Hierdie Joodse Christene se beswaar het dus gegaan **oor die gemeenskap wat Petrus met die onbesnedenes gehad het en dat hy selfs saam met hulle geëet het.**

Vir hierdie Joodse Christene was die optrede van Petrus – of eerder in hulle oë, Petrus se wangedrag – groter nuus as die feit dat heidene tot geloof gekom het in Jesus Christus. Petrus se optrede was so erg dat hulle met hom getwis het en glad nie eers praat oor die feit dat heidene tot geloof gekom het en deur Jesus Christus gered is nie. Vir die Joodse Christene wat so ontsteld was, was daar 'n bepaalde volgorde – jy moet eers die geloofshandelinge volbring om die Joodse geloof aan te neem as jy 'n gebore heiden is. Dit is dan eers vanuit die Joodse geloofsoortuiging dat 'n mens dan tot geloof in Jesus Christus kan kom. Die hartseer van hierdie berig is dat die Joodse Christene grootliks nog vasgevang is in die oortuigings wat Jona ook gehad het. Hulle kon nog nie regtig insien dat die evangelie van Jesus Christus vir die hele wêreld bedoel is nie.

3. Hoe reageer Petrus op die klag wat teen hom gemaak word? (vers 4-15)

Petrus het op 'n **rustige en nederige wyse eenvoudig vertel wat alles gebeur het** totdat hy by Cornelius gekom en wat daar gebeur het toe hy die evangelie aan hulle verkondig het. Hy het nie op grond van sy apostoliese gesag gesê dat hulle eenvoudig moet aanvaar dat dit reg is wat gebeur het nie. In sy vertelling – wat

natuurlik veel korter is as wat Lukas die eintlike gebeure beskryf het (Hand 10:9-43) – lê Petrus veral klem om dit wat die Here gedoen het.

Die Here het besik dat Petrus die gesig gesien het in Joppe (Hand 11:5-6). Die Here het duidelik met Petrus gepraat en hy het gehoor wat die Here vir hom sê (Hand 11:7-9). Petrus meld nie hier dat hy aanvanklik nie die gesig verstaan het nie. Soos Petrus aanvanklik gedink het, sou hierdie mense wat uit die besnydenis is sekerlik ook kon dink dat die gesig te doen gehad het met die voorskrifte oor wat geëet en nie geëet mag word nie. Tot hier toe sou die luisteraars met Petrus kon saamstem dat hy reg gedoen het en die Here reg geantwoord het. Die tweede woord wat die Here egter gespreek het – **Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie** – laat 'n mens tog vra of dit regtig net oor die voorskrifte oor wat geëet mag word gaan.

Petrus gaan voort om te vertel wat dadelik na die gesig gebeur het. Daar was drie manne van Cesarea wat na hom gestuur is. Dan beklemtoon Petrus weer die handeling van die Here in hierdie gebeure. Die Gees het Petrus aangesê om sonder twyfel saam met hierdie manne te gaan (Hand 11:11). Petrus wys ook daarop dat hy nie alleen gegaan het, maar gelowiges uit Joppe – ses Joodse Christene – het met hom saam gegaan en hulle is ook hier by Petrus voor die ander apostels.

Petrus vertel eerlik wat gebeur het. Hy en die ses broers het in die huis van die man ingegaan. In hierdie stadium klink dit asof Petrus skuld erken – hy was in die huis van 'n onbesnede man. Die verbod om in die huis van 'n onbesnede mens in te gaan kom in die tradisies en gewoontes van die Jode voor en nie in die Woord van die Here nie. Maar dan vertel Petrus verder wat die Here gedoen het in die huis van hierdie onbesnede man. Daar het 'n engel aan die man verskyn wat hom aangesê het om Petrus in Joppe te laat haal aangesien Petrus woorde het wat hy sal spreek waardeur die man en sy hele huis gered kan word (Hand 11:13-14).

Petrus vertel wat die Here alles gedoen het, sodat Petrus uiteindelik in Cesarea gekom het in die huis van die onbesnede man. Maar Petrus vertel ook wat die Here deur sy engel aan hierdie onbesnede man aangaande Petrus gesê het. Hier kom al

uit dat die Here nie onderskeid tussen besnede mense en onbesnede mense maak nie. Hy openbaar Homself aan albei groepe.

Soos wat Petrus dit hier vertel, klink dit byna asof hy skaars begin praat het toe die Heilige Gees op Cornelius en sy huis gekom het. Dit het seker vir Petrus so gevoel. Hy het maar skaars begin toe die Heilige Gees hom in die rede geval het. Maar wat belangrik is uit hierdie vertelling is dat dit met Cornelius en sy huis gebeur net soos wat dit met die gelowiges in die begin gebeur het toe die Heilige Gees uitgestort is. Petrus maak dit baie duidelik dat die Here glad nie 'n onderskeid maak tussen besnede en onbesnede mense nie. Nou sou die luisteraars ook die verband tussen die gesig wat Petrus gehad het en die gebeure in Cornelius se huis kon raaksien.

4. Waarom vertel Petrus van die woorde van die Here wat hy onthou het? (vers 16-17)
5. Waarom sou die Here hierdie gebeure twee maal opgeteken het in Handeling?
6. Wat was die mense uit die besnydenis se reaksie? (vers 18)

Petrus vertel nou aan die apostels en broers in Jerusalem hoe hy die Here se woorde onthou het, maar waarvan Lukas geen melding gemaak het toe hy die gebeure beskryf het nie. Met hierdie herinnering aan die woorde van Jesus (vgl. Mark 1:8) **beklemtoon Petrus dat dit werklik die Here is wat aan die werk was in Cornelius se huis.** Dit is die Here wat die onbesnede mense met die Heilige Gees gedoop het.

As God dan met die gawe van die Heilige Gees aantoon dat Hy hierdie onbesnede mense ook in gemeenskap met Hom ontvang, het die apostel nie die reg om die Here daarin te verhinder nie. Die enigste aanvaarbare ding om te doen, is om as gelowige ook hierdie mense te ontvang en te aanvaar – selfs al is jy 'n besnede Jood wat in Jesus Christus glo.

Met hierdie herinnering aan die Here Jesus se woorde word ons ook daarop gewys dat die werk van die Here met sy Woord ondersteun word. Baie mense wanneer hulle 'n godsdienstige werk aanskou, sê hulle maklik: Kyk wat doen die Here. Dit is

egter nie net die werk alleen wat bevestig dat dit God se werk is nie. Die werk moet in ooreenstemming wees met die Here se woord. Dit wat hier in Cornelius se huis gebeur het, het albei toetse deurstaan.

Hierdie gebeure is twee maal aangeteken omdat **die Heilige Gees daarmee beklemtoon hoe belangrik dit regtig is**. Niks wat eie is aan 'n mens self mag as voorwaarde dien waarom iemand in die gemeenskap van die gelowiges toegelaat gaan word of nie. Hierdie les het maar 'n tyd geneem om by die Joodse Christene in te sink.

Toe hierdie mense uit die besnydenis hoor wat die Here alles gedoen en hoe Hy die onbesnede mense in gemeenskap met Hom opgeneem het, het hulle **aanvanklik geswyg**. Hulle het moontlik besef dat hulle verkeerd geredeneer het. Maar hulle het nie net by die sondebefes opgehou nie. Hulle het verder gegaan en **God verheerlik** deur vir mekaar hardop te sê dat God ook aan heidene die bekering tot die lewe gegee het. Die Here maak inderdaad geen onderskeid tussen mense wanneer Hy sy gawes uitdeel nie.

2. Handeling 11:19-30 – Die gemeente in Anthiogië


19 Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenicië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen. **20** En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochië gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. **21** En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.

22 En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochië. **23** Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; **24** want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring.

25 Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. **26** En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente

saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.

27 En in dié dae het daar profete van Jerusalem na Antiochië afgekom. 28 En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius. 29 En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon. 30 En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.



2.1 Vrae by Handeling 11:19-30

1. Na wie verwys Lukas as die wat verstrooi was? (vers 19)
2. Hoekom gryp hy terug na die verdrukking wat oor Stefanus ontstaan het? (vers 19)
3. Aan wie het hierdie verstrooides die woord alleen gespreek? (vers 19)

In Handeling 11:19 maak Lukas opnuut 'n verwysing na die verdrukking wat oor Stefanus ontstaan het (vgl. Hand 8:1-4). Hierdie verdrukking is dan die groot vervolging wat teen die gemeente in Jerusalem uitbreek het na die dood van Stefanus. **Die wat verstrooi was** is dus die gelowiges wat vanuit Jerusalem vir hulle lewens gevlug het. Aanvanklik het dit geklink asof die gelowiges net tot in

Judea en Samaria verstrooi is (Hand 8:1). Maar nou wys Lukas daarop dat hierdie gelowiges baie verder gevlug het. Hulle het tot in Fenicië, Ciprus en Antiochië gevlug. Hierdie gebiede was almal Noord en Noordwes van Jerusalem af. Ciprus is waar Barnabbas vandaan gekom het na Jerusalem toe.

Daar kan **verskeie redes aangevoer word waarom Lukas hier weer teruggaan tot by die verdrukking** wat oor Stefanus ontstaan het. Die voor die hand liggende rede is om 'n duidelike en naatlose oorgang te maak tussen die verspreiding van die evangelie in Judea en Samaria na die verspreiding van die evangelie na die uithoeke van die aarde.

Een kommentator maak ook die opmerking dat hierdie terugverwysing te kenne wil gee dat wat hier gesê word in ten minste Handeling 11:19-21 parallel verloop het met die gebeure wat in Handeling 8 en 9 beskryf is. Dit is inderdaad moontlik dat hierdie verstrooides hulle in hierdie dele gevestig het in dieselfde tyd as wat Filippus in Samaria die evangelie verkondig het.

Anders as Filippus het hierdie verstrooides aanvanklik die **evangelie aan niemand verkondig nie behalwe aan Jode** wat in daardie gebiede gewoon het. Omdat die gelowiges wat gevlug het self Jode was sou hulle eerder deur ander Jode gehelp en ontvang word in die gebiede waarheen hulle gevlug het. Daaruit volg die verkondiging aan die Jode aanvanklik as iets wat natuurlik gebeur het.

Hierdie verstrooides het gedurende hulle tyd van verblyf in Jerusalem ook nog net gesien hoe Jode tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring is. Van die Samaritane wat ook die Woord van God aangeneem het en van die Ethiopiër wat deur Filippus bedien is en van Cornelius en sy huis wat tot geloof in Jesus gekom het, het hulle nog nie geweet nie. Daarom was dit vir hulle natuurlik om eers en miskien in sommige gevalle uitsluitlik aan die Jode die evangelie te verkondig.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">4. Wie was die Cipriese en Cirenese manne? (vers 20)5. Wat het Antiochië so besonders gemaak? (vers 20)6. Aan wie het die Cipriese en Cirenese manne die evangelie verkondig? (vers 20) |
|---|

In die wyse waarop Lukas dit skryf, lei 'n mens af dat **Cipriese en Cirenese manne** ook deel uitmaak van die gelowiges wat verstrooi is deur die verdrukking wat oor Stefanus ontstaan het. Op Pinksterdag was daar ook inwoners van Cirene in Jerusalem (Hand 2:10). Hulle het ook in hulle eie taal gehoor hoe die gelowiges van die groot daad van God vertel.

Onder die mense wat met Stefanus geredetwis het, was daar ook Jode van Cirenene afkomstig wat hulle teen Stefanus se woorde verset het en hom voor die Joodse Raad gesleep het (Hand 6:9). Dit is dus duidelik dat die verkeer tussen die verskillende plekke en plekke ver van mekaar af iets algemeens was. Na aanleiding van dit wat die manne uit Ciprus en Cirene in Anthiochië gedoen het, kan ons verseker weet dat hulle gelowiges was. Watter geloof hulle vroeër van deel was, is nie hier ter sprake nie. Hulle is nou volgelingen van Jesus Christus.

Die stad **Anthiochië** het ongeveer 300 vC tot stand gekom deur Seleucus I. Seleucus I was een van die vier wat Alexander die Grote opgevolg het en hy het oor die Siriese deel van die Griekse Ryk geheers. Anthiochië is 480 km noord van Jerusalem en 32 km van die Middellandse See af op die oewer van die Orontesrivier. Dus ook nie baie ver van Ciprus af vanwaar Barnababas gekom het nie. Naas Rome en Alexandrië was Anthiochië die derde grootste stad van destyds.

Anthiochië was bekend vir sy handel, gesofistikeerdheid, kultuur en sedelose lewenstyl. Net buite die stad was daar 'n tempel vir die afgode Artemis en Apollo waar tempelprostitusie deel uitgemaak het van die afgodery. Anthiochië se sedeloosheid was so berug dat 'n Romeinse skrywer by geleentheid gesê het dat die Orontes se waters die water van die Tiberrivier by Rome besoedel.

As 'n handelstad was Anthiochië 'n kosmopolitaanse mengelsmoes van mense. Volgens berekeninge was daar 500 000 na 800 000 inwoners in Anthiochië en omtrent een sewende van hulle was Jode

Lukas berig dat die manne van Ciprus en Cirene die evangelie van die Here Jesus aan Griekssprekendes verkondig het. In ons vertaling is dit vertaal met Griekssprekende Jode en dit is 'n geldige vertaling. Maar indien 'n mens die woord

binne die konteks goed bekyk, ontstaan die vraag of dit regtig Griekssprekende Jode was. Anthiochië is deur die Grieke gevestig in 300 vC. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat die Grieke hulle taal en kultuur aggressief onder die volke wat hulle oorwin het, bevorder het. Die oorgrote meerderheid Jode indien nie almal wat in Anthiochië gewoon het, sou Griekssprekende Jode gewees het.

In vers 19 het Lukas al opgemerk dat die gelowiges wat uit Jerusalem en Judea gevlug het aan niemand nie behalwe aan die Jode die evangelie verkondig het. Dus sou hulle ook aan die Griekssprekende Jode die evangelie verkondig het, want dit is wat reeds in Jerusalem ook gebeur het (Hand 6:9; 9:29). Dit lyk dus regverdig om te sê dat die manne van Ciprus en Cirene die evangelie van die Here Jesus **aan Grieke – dit wil sê, aan heidense Grieke – verkondig het.**

Die Ethiopiër (Hand 8:26-40) en Cornelius (Hand 10:1-48) was ook van heidense afkomstig. Maar albei van hulle het al ontsag vir God gehad – hulle was Godvresende manne. Hierdie Grieke in Anthiochië was volslae heidene wat afgodery bedryf het. En dit is aan sulke volslae heidene wat die evangelie van die Here Jesus verkondig is.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">7. Hoe het die Here hierdie werk van die gelowiges geseën? (vers 21)8. Watter berig het die gemeente in Jerusalem bereik? (vers 22)9. Hoe het die gemeente in Jerusalem op die berig gereageer? (vers 22) |
|---|

Lukas berig dat die Here se hand met hierdie gelowiges uit Ciprus en Cirene was toe hulle die evangelie van die Here Jesus aan die Griekssprekende mense verkondig het. Die Here het dus hierdie gelowiges se verkondiging onder die Griekssprekendes **geseën deurdat Hy hulle die vrymoedigheid en moed van hulle oortuiging gegee het** om sonder onderskeid die evangelie te verkondig soos wat die Here Jesus dit aanvanklik aan die apostels opgedra het (Hand 1:8).

Die verdere seën wat hierdie verkondigers en al die gelowiges in Anthiochië ontvang het, was die groot aantal Griekssprekendes wat toe gelowig geword het en hulle tot die Here bekeer het. Hierdie verkondigers het die voorreg gehad om te sien watter

krag die evangelie van Jesus het onder die hand van die Here – volslae heidene kom tot geloof in Jesus Christus. Dit is alleen onder die hand van die Here dat so iets kan gebeur. Mense kan nie ander mense tot geloof en bekering bring nie. Die Here doen dit en Hy gebruik die verkondigers van die evangelie om dit tot stand te bring.

Die berig van die verkondiging van die evangelie aan Griekssprekendes en hulle bekering en geloof in die Here Jesus het die gemeente in Jerusalem bereik. Hier het gebeur wat ook gebeur het toe die Samaritane die die Woord van die Here aangeneem het – die nuus het Jerusalem bereik van mense wat die evangelie geglo het.

'n Mens kan hierdie woorde na twee kante toe opneem. Dit kan verstaan word as dat die gemeente in Jerusalem so belangrik geag word dat alles elke keer vir hulle vertel moet word. In hierdie sin kan dit verstaan word as dat Jerusalem seggenskap het oor wie gelowig mag word – dit moet egter nie so verstaan word nie. Die evangelie is die Here se eiendom en Hy maak daarmee wat Hy wil. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat die apostels in Jerusalem is aan wie die Here die gesag gegee het om die evangelie te verkondig aan alle mense. Daarom sal 'n mens dit eerder positief wil verstaan dat die apostels in Jerusalem eerder opsigters is om toe te sien dat en te bevestig vir al die ander gelowiges dat die Here inderdaad ook mense uit die heidendom tot bekering en geloof in Jesus bring.

Die berig sou in Jerusalem sekerlik met gemengde gevoelens ontvang word. Daar sou diegene wees wat verheug is omdat die Here ook heidene in sy koninkryk inbring. Maar daar is ook die mense wat huiwerig is om te aanvaar dat ook heidene tot geloof kan kom as hulle nie vroeër Godvresend was nie.

Net soos in die geval met die berig oor die Samaritane het die gemeente in Jerusalem **iemand gestuur om die waarheid van die berig te gaan bevestig**. Die gemeente het hulle egter aan die wysheid van die Heilige Gees onderwerp oor die keuse van wie hulle moet stuur. Barnabas was self van Ciprus afkomstig soos sommige van die verkondigers in Anthiochië.

Verder was Barnabas ook bekend dat hy vir Saulus na sy bekering aan die apostels

kon voorstel in Jerusalem. Barnabas het dus die gawes wat nodig is om op 'n liefdevolle wyse die waarheid van die berig te kon verneem en antwoord daarop. Hy is nie verniet die seun van vertroosting genoem nie. Daarby was hy ook vol van die Heilige Gees en geloof – die Here het hom goed gemaak.

10. Wat het Barnabas in Anthiochië aangetref en wat was sy reaksie daarop? (vers 23)

11. Waarom het Barnabas so gereageer op die gebeure in Anthiochië? (vers 24)

12. Watter gevolg het Barnabas se optrede in Anthiochië gehad? (vers 24)

Lukas berig dat Barnabas **die genade van God** in Anthiochië gesien het. Tussen die gelowiges van verskillende afkomste was daar merkbaar iets wat getuig het dat dit alleen moontlik is weens die genade van God. Onder hierdie gelowiges was daar vlugteling van Judea wat aanvanklik die evangelie net aan Jode verkondig het. Daar was vlugteling of reisende gelowiges van Cirene en Ciprus wat begin het om die evangelie ook aan die Grieke te verkondig. En onder die seënende hand van die Here het baie aan wie die evangelie verkondig is – Jode sowel as heidene – gelowig geword.

'n Mens kry die idee dat daar tussen die verskillende groeperings geen wedywering of strewe teenoor mekaar was nie. In Antiochië het begin gebeur waarvan ons later in Openbaring hoor – uit elke taal, stam, volk en nasie het die Here sy gelowiges bymekaar gemaak. Hier was 'n gemeente aan die werk – lidmate het mekaar bedien met die Woord van die Here.

Hierdie gesig van wat die genade van die Here werklik onder mense verrig wanneer hulle aan die Here onderwerp, was vir Barnabas 'n bron van **groot blydskap**. Hy het verder ook die gelowiges **aangespoor** om die voorneme te behou om aan die Here getrou te bly. Dit is asof Barnabas nie die werksaamhede waarmee die gelowiges onder leiding van die Heilige Gees mee besig is wil onderbreek nie. Hy spoor hulle eerder aan om voort te gaan met hulle gehoorsaamheid aan die Here.

Vir Barnabas het dit gegaan oor die eer van die Here. **Omdat hy vol van die**

Heilige Gees en geloof was, wil hy nie veroorsaak dat sy teenwoordigheid en woorde die Here in die rede val nie. Die gemeente moet alleenlik voortgaan waarmee hulle besig is. Barnabas val eenvoudig in by die werk wat die Here genadig onder die gemeente doen.

Aangesien Barnabas eenvoudig ingeval het by die werk van die Here in Anthiochië – daar was geen onderbreking nie – het **die Heilige Gees ongestoord voortgegaan om 'n aansienlike skare deur die verkondiging van die evangelie na die Here toe te bring**. Barnabas het nie soos 'n opsigter inspeksie kom hou in Anthiochië nie. Hy het as toeskouer eers gekyk wat die Here doen en hy het eenvoudig ingeval by die Here se werk in die gemeente.

13. Waarom het Barnabas na Saulus gaan soek en hom na Anthiochië gebring? (vers 25)
14. Watter werk het Barnabas en Saulus in Anthiochië gedoen? (vers 26)
15. Watter betekenis het dit dat die gelowiges Christene genoem is? (vers 26)

Sedert die aanvang van die evangeliserende werk van die vlugteling gelowiges uit Judea het daar in Anthiochië mense vanuit die Jodendom sowel as baie heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus gekom. Sedert die aankoms van Barnabas uit Jerusalem en na aanleiding van die werk wat hy daar gedoen het, het daar nog 'n aansienlike skare mense tot bekering gekom. Die gemeente in Anthiochië het met rasse skrede gegroei.

Dit is **as gevolg van hierdie groot aantal gelowiges en die groot werk** wat daarmee saamgaan dat Barnabas besluit het om vir Saulus te gaan soek. Dit is moontlik dat daar in die gemeente onderling met mekaar begin beraadslaag is oor die moontlikheid om nog hulp te kry met die bediening. Op grond van hierdie beraadslagings het Barnabas van Saulus onthou wat in Tarsus is en Barnabas ken hom baie goed – hy het hom nog destyds in Jerusalem aan die apostels voorgestel (Hand 9:27).

Saulus is nog destyds deur die gelowiges in Jerusalem weggebring na Cesarea toe en vandaar is hy na Tarsus omdat die Jode in Jerusalem hom wou vermoor (Hand

9:29-30). Saulus was in Tarsus vir nagenoeg twaalf jaar waarin hy seer sekerlik die evangelie verkondig het in Tarsus en omstreke. Barnabas het hom gaan haal, want Saulus het van die Here die opdrag gekry om 'n getuie van Jesus onder die heidennasies te wees.

Barnabas en Saulus het vir 'n hele jaar lank die die aansienlike skare gelowiges in Anthiochië **saam vergader en onderrig**. Onder saam vergader en onderrig gee verstaan ons dat hulle eredienste gehou het en verdere onderrig in die Skrif aan die gelowiges gegee het. Deur hierdie twee diensknegte het die Heilige Gees die gemeente verder toegerus in die waarhede van die Skrif.

Dit was in hierdie dae dat die gelowiges wat Jesus Christus as hulle Verlosser erken en bely het vir die eerste keer **Christene** genoem is. Daar het nou vir mense van buite die Christelike geloof 'n duidelike onderskeid gekom tussen mense wat Jesus Christus aanbid en die Jode. Die Christene is dus vir die eerste keer as 'n afsonderlike identifiseerbare groep erken – hulle is nie Jode nie, alhoewel baie Christene van Joodse afkoms is, hulle is ook nie heidene nie, want hulle aanbid nie meer afgode nie. Hierdie groep mense het een Here – Jesus Christus, daarom word hulle Christene genoem.

- | |
|---|
| <p>16. Hoe moet ons die werk van die profete verstaan? (vers 27-28)</p> <p>17. Wanneer was die hongersnood oor die hele wêreld? (vers 28)</p> <p>18. Wie het besluit om 'n insameling te doen tot versorging van die gelowiges in Judea? (vers 29)</p> <p>19. Hoekom was die versorging in besonder vir die gelowiges in Judea bestem? (vers 29)</p> <p>20. Aan wie was dit opgedra om die insameling weg te bring? (vers 30)</p> |
|---|

In hierdie begin jare van die Nuwe Testamentiese kerk tref 'n mens nog dinge aan wat eie was aan die Ou Testamentiese tyd. In die Ou Testamentiese tyd het die Here verskeie mense toegerus om as profete op te tree. Daar was selfs profete skole in die dae van Samuel.

In die vroeë dae toe die Woord van die Here nog nie so geredelik op skrif beskikbaar was nie – boekrolle was 'n duur item – het die Here dikwels van profete gebruik gemaak om aan mense die openbaring van die Here bekend te maak. **In hierdie begin jare van die Nuwe Testamentiese kerk was daar ook nog nie 'n Nuwe Testament op skrif nie.** Daarom het die Here ook nog in hierdie tyd van profete gebruik gemaak.

Agabus was een van hierdie profete wat van Jerusalem af in Anthiochië aangekom het. Lukas gee geen rede waarom die profete daarheen gegaan het nie. Hierdie Agabus het deur die Heilige Gees kennis gekry van die hongersnood wat die hele wêreld sou tref. Hoe die Heilige Gees dit aan Agabus bekend gemaak het, word nie gesê nie. Maar die Here gee hierdie kennis aan Agabus om sy kerk te waarsku, sodat hulle gereed sou wees as die hongersnood dan ook sou begin.

Lukas berig dat die hongersnood gekom in die dae van keiser Claudius. Claudius was keiser vanaf die jaar 41 tot 54. Uit buite Bybelse bronne is dit bekend dat hierdie hongersnood die hele bekende wêreld van daardie tyd – dit is groot dele van die Romeinse Ryk – getref het. Die jaar waarin Barnabas en Saulus in Anthiochië werksaam was (Hand 11:26) was in die jaar 47. **Dus het die hongersnood kort hierna ernstige afmetings aangeneem.**

Die dissipels het besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot die versorging van die gelowiges in Judea. Hierdie dissipels is die gelowiges wat deur Barnabas en Saulus in Anthiochië onderrig is, want 'n dissipel is iemand wat leer. Dit is dus opmerklik dat die inisiatief om 'n insameling te hou nie van die Barnabas of Saulus gekom het nie, maar van die lidmate in Anthiochië self.

Dit is egter nie verstommend dat die versorging in besonder vir die gelowiges in Judea bestem is nie. Baie van **die gelowiges in Anthiochië** is mense wat nog as gevolg van die verdrukking oor Stefanus **uit Jerusalem en Judea na Anthiochië gevlug het.** Hulle was dus bewus van die omstandighede in Judea en sou sekerlik ook geweet tot watter mate die hongersnood die ellende in Judea so vererger.

Die hulp wat gelowiges onderling aan mekaar verleen, is nie onbekend nie. Dit is immers iets wat al deur die eerste gelowiges in Jerusalem gedoen is (Hand 2:44-45).

Die hulp wat nou vanuit Anthiochië is is die eerste keer dat 'n gemeente hulp aan 'n ander gemeente verleen deur middel van 'n insameling. Maar natuurlik het die gemeente in Anthiochië vroeër hulp ontvang in die persoon van Barnabas wat vanuit Jerusalem na hulle gestuur is. Miskien het die gedagte aan hierdie hulp uit Jerusalem die gelowiges in Anthiochië ook gemotiveer om die gelowiges in Judea by te staan tydens die hongersnood.

Die gemeente het dit aan **Barnabas en Saulus** opgedra om die insameling weg te bring na die gelowiges in Judea. Hierdie twee manne is gestuur, waarskynlik omdat Baranabas uit Jerusalem na hulle gekom het destyds om hulle te by te staan. Maar hulle is ook gestuur omdat hulle waardige voorgangers in die gemeente is.

Barnabas en Saulus het die bydra aan die ouderlinge in Judea gegee. Dit is die eerste keer wat hier van ouderlinge in die kerk gepraat word, maar ouderlinge of oudstes was reeds in die voor Christelike tyd onder die Jode bekend. Dit is egter nog nie duidelik watter funksie die ouderlinge in hierdie stadium in die kerk verrig het nie.